Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1050**(A)**(M29)H

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# BESTUUR: BOERDERY N5

(4090555)

**29 Mei 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUUR: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Persoon wat 'n nuwe sakeonderneming skep ondanks risiko's en onsekerhede vir die doel om wins te maak:

A Organisasie
B Entrepreneur
C Vennootskap
D Versekering

1.1.2 Vorm van eienaarskap waarin 'n individu AL die bates in die sakeonderneming besit:

A Vennootskap
B Eenmansaak
C Beslote korporasie
D Maatskappy

1.1.3 Die afkorting BK tesame met die registrasienommer kan in 'n … vorm van eienaarskap gebruik word.

A vennootskap
B privaatmaatskappy
C beslote korporasie
D eenmansaak

1.1.4 Ontwikkeling van 'n breë langtermynplan om die algemene missie van die sakeonderneming te verwesenlik:

A Bedryfsbeplanning
B Herbeplanning
C Taktiese beplanning
D Strategiese beplanning

1.1.5 Dui op voldoende inligting oor moontlike resultate sodat die verwagting op statistiese waarskynlikhede gebaseer kan word:

A Risiko
B Onsekerhede
C Statistiek
D Skatting

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.1.6 Gebeur wanneer 'n persoon nie 'n wettige testament ten tyde van afsterwe het nie:

A Intestate erfopvolging
B Testate erfopvolging
C Legataris
D Kodisil

1.1.7 Die reg op 'n eiendom of bate wat aan 'n persoon toegeken word onderhewig aan die bepaling dat dit in 'n spesifieke geval aan daardie persoon oorgedra moet word:

A Annuïteite
B Kollasionering
C Fideikommis
D Vruggebruik

1.1.8 Reëling waarby 'n maatskappy of die staat onderneem om 'n waarborg van vergoeding vir gespesifiseerde verlies, skade, siekte of dood te verskaf in ruil vir betaling van 'n gespesifiseerde premie:

A Entrepreneur
B Versekering
C Boerderybeplanning
D Strategiese beplanning

1.1.9 'n Polis wat verskil van gewone polisse in soverre die premies belastingaftrekbaar van inkomste tot 'n maksimum bedrag is:

A Versekering vir personeelbesnoeiing
B Aftree-annuïteit
C Verskansingspolis
D Uitkeerpolis

1.1.10 'n Persoon wat 'n spesifieke bate ontvang wat in 'n testament beskryf word:

A Legataris
B Erfgenaam
C Voorwaardelike bemaking
D Substitusie

(10 × 2) (20)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Getuies moet 'n testament onderteken in die teenwoordigheid van die testateur of persoon wat namens die testateur teken.

1.2.2 Uitkeerpolisse met lewensdekking verseker dat die versekerde bedrag, plus bonusse, uitgesonder enige lewensdekking, betaalbaar is na die verstryking van 'n gespesifiseerde termyn.


1.2.3 Diversifikasie beteken die spesifieke boerderybedryf het TWEE of meer produksietakke.

1.2.4 Onsekerhede dui op onvolmaakte of onvoldoende kennis van die resultate van 'n sekere handeling.

1.2.5 Die vergoedingsbeginsel is op korttermynversekering van toepassing.

(5 × 2) (10)

1.3 Bestudeer die bemarkingskanale hier onder en vul die ontbrekende woord of woorde in. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.




(10 × 1) (10)
**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 2

2.1 Verduidelik kortliks VYF funksies van 'n entrepreneur in die produksieproses. (5 × 2) (10)

2.2 Om innoverend te wees, moet 'n onderneming aan minstens een van VYF kriteria voldoen.

Noem hierdie VYF kriteria. (5)

2.3 Noem VYF voordele van 'n alleenhandelaar. (5)

2.4 Noem VYF voordele van vennootskappe. (5)

2.5 Noem TWEE soorte maatskappye wat ingevolge die Maatskappywet geklassifiseer word. (2)

2.6 Noem TWEE dokumente wat gedurende die stigting van 'n maatskappy vereis word. (2)

2.7 Verduidelik kortliks DRIE stappe in die stigting en administratiewe oorwegings van 'n saketrust. (3 × 2) (6)

2.8 Noem VYF voordele van 'n saketrust. (5)
**[40]**

## VRAAG 3

3.1 Strategiese beplanning lê die grondslag van 'n boerderyonderneming en moet by die veranderende omgewing aanpas.

3.1.1 Definieer *strategiese beplanning*. (3)

3.1.2 Noem VYF voordele van strategiese beplanning. (5)

3.1.3 Verduidelik *diversifikasie* as 'n strategie wat gewoonlik in die landbou gebruik word. (10)

3.1.4 Noem DRIE behoeftes wat 'n boer by die strategiese beplanningsproses behoort te oorweeg. (3)

3.2 Noem VYF faktore wat die winsgewendheid van gewasvertakking beïnvloed. (5)

3.3 Noem VIER redes waarom 'n omgewingsontleding belangrik is wanneer strategiese beplanning gedoen word. (4 × 2) (8)

3.4 Noem SES bronne van risiko's en onsekerhede in die boerderyomgewing. (6)
**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 4

4.1 Beantwoord die vrae hier onder oor die bereddering van 'n boedel.

4.1.1 Wie is in beheer van die bereddering van 'n boedel? (1)

4.1.2 Watter dokumente moet binne 14 dae na iemand se dood by die landdroskantoor ingedien word? (5)

4.1.3 Noem VIER pligte van die eksekuteur van 'n boedel. (4)

4.2 Beantwoord die vrae oor 'n trust as 'n vorm van 'n onderneming.

4.2.1 Noem die TWEE soorte trusts waarvoor die Suid-Afrikaanse reg voorsiening maak en verduidelik elkeen. (4)

4.2.2 Noem enige VIER verpligtinge van die trustees van 'n trust. (4)

4.2.3 Noem enige SES voordele van 'n testamentêre trust. (6)

4.3 Verduidelik VIER kenmerke van vruggebruik. (8)

4.4 Bespreek die voorvereistes van 'n geldige testament. (8)
**[40]**

## VRAAG 5

5.1 Beantwoord die vrae oor aftree-annuïteite:

5.1.1 Hoe verskil belasting van aftree-annuïteite van dié van gewone polisse wat premies betref? (2)

5.1.2 Noem enige DRIE ander kenmerke wat aftree-annuïteite van gewone versekering onderskei. (6)

5.1.3 Op watter ouderdom mag die rendement van polisse van aftree-annuïteite onttrek word? (2)

5.2 Identifiseer elk van die polisse hier onder deur die antwoord langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

5.2.1 Versekerde bedrag betaal uit by verstryking van voorafbepaalde tydperk of vroeë dood van die versekerde

5.2.2 Versekerde bedrag betaal slegs uit by die dood van die versekerde

5.2.3 Lewenspolis waarby 'n afnemende termyndekking ingesluit is

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.2.4 Versekerde bedrag plus bonusse, waarby lewensdekking nie ingesluit is nie, betaal slegs uit na 'n bepaalde tyd

5.2.5 Word meestal uitgeneem wanneer die versekerde se behoefte tydelik is

(5 × 2) (10)

5.3 Skryf verklarende aantekeninge oor oesversekering onder elk van die volgende opskrifte:

5.3.1 Wat word gedek? (4)

5.3.2 Wat word nie gedek nie? (3)

5.3.3 Hoe word die premies bepaal en bereken? (3)

5.4 Verduidelik die volgende TWEE versekeringsbeginsels en illustreer elkeen met 'n gepaste voorbeeld:

5.4.1 Skadeloosstelling/Kwytskelding (5)

5.4.2 Vergoeding (5)
**[40]**

**TOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou